Sing vooraf: Skrifberyming 14-2 (nuut)

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 147:1, 4

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 95:5

Skriflesing: Jakobus 1:2-18; Matteus 4:1-11

Teks: Jakobus 1:2-18; Matteus 4:1-11; Kategismus Sondag 52

Die versoeking van die duiwel oor die Here Jesus Christus word aan ons geopenbaar om ons te troos en moed te gee.

- Hierdie versoeking het so verloop dat die Here die lis en die werke van die Satan weerstaan het en selfs verbreek het.
- U moet ook daarop let dat die duiwel die Here Jesus versoek het direk voor sy openbare optrede.
- Dit was juis sodat die Here Jesus onmiddellik kon vertoon het wat ons van Hom te wagte kon wees: Hy gaan die duiwel heeltemal oorwin!

Ons weet ook dat die Here Jesus die tweede Adam genoem word.

- Dit was omdat Adam in die Paradys ook deur die duiwel versoek is, maar dit nie kon weerstaan nie – Adam het in versoeking geval toe hy daarmee gekonfronteer was, en het daarmee die hele mensheid tot ’n val gebring.
- Die Here Jesus het ook, soos Adam, namens die uitverkore mensheid in die versoeking gekom – en toe heeltemal anders as Adam uit die stryd getree: Hy het die versoekings volmaak weerstaan en daarmee die duiwel al in beginsel verslaan en op sy plek gesit.

Kom ons kyk na die saak van versoeking van drie kante af:

1. Die bose en die kerk
2. Die Vader en sy kinders
3. Die Here Jesus Christus en die gelowiges

1. Die bose en die kerk

Onmiddellik nadat die Here Jesus gedoop is, is Hy deur die Satan versoek.

- Dis asof daar iets in sit dat elke lidmaat van die kerk moet weet dat as hy die genade van sondevergewing wil geniet, die duiwel hom des te meer daarop sal toespits om hom te verlei.
- Daarom bid ons dat ons nie in versoeking gelei sal word nie, en ook van die bose verlos sal word.
- Ons bid dus nie net vir vergewing van sondes nie, maar ook om heilig te mag lewe.

Die bose het baie terreine waarvandaan hy die kerk insypel. Ons lees mos in Efesiërs 6:12 dat ons worstelstryd

- nie teen vlees en bloed is nie,
- maar teen die owerhede,
- teen die magte,
- teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie bedeling, en
- teen die bose geeste in die lug.

Die donker magte werk al die eeue deur teen God se koninkryk. ***Nog altyd fokus dit op die mens, want teen God self kan dit hom nie verhef nie.***

- Daarom lees ons in die Bybel dat die bose geeste van mense besit neem – soos byvoorbeeld die besetene van Gadara,
- maar ook soos die dwaalleraars waarvan ons lees dat hulle die Nuwe-Testamentiese kerke inspoel.
- Daarby kom nog die sondes waarmee ons deur die duiwel gekonfronteer word in ons daaglikse lewens, en waarin ons dikwels val.

Wanneer ’n versoeking jou tref, tref dit jou geloof, want dit bring jou geloof in die smeltkroes (Jakobus 1:3, 4).

- Daarom is daar ook ’n bepaalde wisselwerking tussen versoeking en geloof, want die versoekings wat oor ’n mens kom, laat die mens se ware geloof na vore kom.
- Iemand wat ’n ware sterk geloof het, laat hom nie ophang deur versoekings nie.

Die Here toon verder aan dat daar ’n saaklike verband is tussen wysheid en die weerstaan van ’n versoeking:

- Die rede is omdat wysheid bestaan waar die Heilige Gees die gelowige lei (Jakobus 1: 5).

  En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word. (Jakobus 1:5 AFR1953)
- Wysheid kom ook saam met volharding in die gebed en ook geloofsekerheid ten opsigte van dit waarvoor jy bid.

Al die dinge is maar net sodat die kerk moet besef dat sy nodig het om voortdurend te bid dat

- *die Here ons moet bewaar daarvan dat die Bose ons aanval en verlei.*
- *Ons bid verder met hierdie gebed dat ons deur die Heilige Gees met insig en leiding begenadig word sodat ons as kerk kan doen wat die Here van ons vra.*

2. Die Vader en sy kinders

In ons gebed erken ons die Here van hemel en aarde in sy almag, maar deur die soenverdienste van Jesus Christus ken ons Hom ook as ons Vader.

- Daarom beroep ons ons vir ons bewaring op Hom en op sy mag en majesteit.
- Ons vertrou ook dat Hy – omdat Hy ons Vader is – ons teen alle kwaad sal beskerm.
- Ons vertroue rus ook op die beloftes wat Hy ons oor al die eeue gegee het.

Jakobus 1:13 verwys daarna dat dit nie altyd so is dat beproewing volharding bewerk nie.

- *Daar gebeur soms iets anders, naamlik dat mense in sonde val, en hulle dan ook nog deur die Satan laat voorpraat.*
- *Hulle besef dan nie dat die feit dat hulle in versoeking geval het, is omdat hulle die Satan daarin gevolg het nie.*

Daarom stel die Bybel hierdie saak baie sterk en duidelik:

- Beproewing kom van die Here af, en die doel daarvan is om jou geloof te versterk. En by die ware gelowige werk dit ook so.
- Maar daar is ook nog ’n ander ding wat baie die trekke van beproewing het, en dit is versoeking.
    - Versoeking kom van die duiwel af.
    - Dis ’n middel waarmee hy die gelowige by die Here in die skuld wil bring.

Mense wat hulle nie aan die wil van die Here wil onderwerp nie, laat toe dat die duiwel hulle in opstand bring teen die Here.

- Dan vertel hulle dat hulle sondes die Here se skuld is, want Hy het hulle te swaar beproef.
- Maar dit het met beproewing niks te doen nie – die soort van ding is suiwer ’n versoeking wat jyself moes weerstaan het.
- God versoek nie mense nie (Jakobus 1:13).

Dit is net belangrik dat ons sal onthou dat Jesus se versoeking deurentyd ’n bepaalde karakter vertoon het.

- Dit was dat Hy in die hele saak die eer van die Here vooropgestel het.
- Die duiwel het van die versoeking ’n geloofskrisis gemaak – dis hoe ons almal ook maar beproewinge beleef.
- Daarom het die duiwel hom elke keer op die Bybel beroep. Dan het die Here Jesus geantwoord: *Daar is ook geskrywe* . . .
    - Die Here Jesus het die eer van God heel voorop gestel.
    - Hy het onder daardie geweldige moeilike omstandighede aan die Here die eer gegee deur die waarheid te handhaaf.

Dis presies wat ons ook moet doen. Ons moet in ons beproewinge steeds ons vertroue op ons hemelse Vader stel, en selfs in die uiterste omstandighede die eer van God vooropstel.

3. Die Here Jesus Christus en die gelowiges

Toe die duiwel die Here Jesus versoek het, het die Here Jesus die duiwel oorwin. Dit teken die hele verlossingsdaad van God:

- *Hy het sy Seun gestuur om vir sy gelowiges teen die duiwel te stry.*
- *Hy moes in die plek van die uitverkorenes die duiwel verslaan, en ook die dood oorwin.*

Daarmee het die Here Jesus vir die ware gelowiges die Borg geword dat ons nooit in ’n versoeking sal omkom nie.

- Ons kan in ons geloof op die Here Jesus Christus vertrou omdat ons in sy krag gekoester word.
- Verder moet u ook altyd onthou dat Jesus nog steeds met u besig is. Hy doen nog elke oomblik vir u voorspraak by die Vader.
- Elke oomblik gaan Jesus se versoeningswerk vir elkeen van ons nog deur.

Daarom kan ons ons smeekgebede afsluit met die woord **Amen**.

- **Amen** is maar ’n Griekse woordjie wat beteken: **beslis, definitief, verseker**.
- Maar in ons geloofslewe het dit deur die openbaring van die Here ’n baie sterker betekenis gekry.

Die woord beteken dat die hele evangelie waarop ons gebed berus, bo alle twyfel waar is.

- Dit beteken ook dat ons vertroue op die Drie-Enige God waar is.
- Dit beteken ook dat ons met die woord aandui dat ons weet dat ons gebede verhoor word.

Kom ons lees wat ons Kategismus leer oor die saak van versoeking in Sondag 52.

Vraag 127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: *En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal (f).*
(a)Joh 15:5; Ps 103:14. (b) 1 Pet 5:8; Ef 6:12. (c) Joh 15:19. (d) Rom 7:23; Gal 5:17. (e) Matt 26:41; Mark 13:33. (f) 1 Tess 3:13; 5:23.

Vraag 128: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: *Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee (a) sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word (b).*
(a)Rom 10:12; 2 Pet 2:9. (b) Joh 14:13; Jer 33:8, 9; Ps 115:1.

Vraag 129: Wat beteken die woord Amen?

Antwoord: *Amen wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer (a).*
(a)2 Kor 1:20; 2 Tim 2:13.

Amen.

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 10-2 (28B)

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 8 April 2007